Willem Postma
Preprimêr Skool
Gen. Hertzogstraat 100 - Dan Pienaar - BLOEMFONTEIN - 9301

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

# WILLEM POSTMA PREPRIMêRE SKOOL

# INLIGTINGSTUK / SKOOLREëLS

Willem Postma Preprimêre Skool is Willem Postma Primêr se Voorbereidingskool. Ons is onderhewe aan hulle beleide en bestuur en het slegs enkele veranderings bygewerk om die wesenskenmerke van die leerder in ag te neem.
Die skool en personeel van die Preprimêre skool is onderhewe aan die Skoolhoof van Willem Postma Primêr. Preprimêre sake is onderhewig aan die Preprimêre hoof.

## 1. VISIE, MISSIE EN WAARDES

**Willem Postma Preprimêre Skool se visie is om elke klein kindjie binne 'n veilige omgewing en in eie uniekheid skoolgereed te kry. Met Christenkap as grondslag en Afrikaans as voertaal kweek ons geloof, liefde, omgee en blydskap.**

Die Skool se missie is as volg:

a. Om al die aktiwiteite op Bybelse norms en waardes te grond, terwyl die nodige respek vir die godsdienstige oortuigings van alle deelnemers betoon word.
b. Om 'n stabiele, gelukkige omgewing te skep waarin almal hulle talente ten volle kan ontwikkel.
c. Om te verseker dat alle opvoeding in liefde geskied.
d. Om leerlinge te leer om hulleself en ander te respekteer.
e. Om te verseker dat toegewyde, opgeleide onderwyspersoneel beskikbaar is om leerlinge toe te rus met kennis, vaardighede en gesindhede wat hulle in staat sal stel om as volwassenes sinvol op ekonomiese, sosiale, kulturele en geestelike terrein by die samelewing in te skakel.
f. Om vanuit die beginsel van gemeenskaplike verantwoordelikheid met alle onderwysvennote en belanghebbendes saam te werk om kwaliteitsonderwys te voorsien.
g. Om op 'n koste-effektiewe wyse onderwys te voorsien.
h. Om te verseker dat kwaliteit administratiewe diens aan skole en ander onderwysinrigtings gelewer word in die uitvoering van hulle taak.
i. Om onderwys wat onderrig en opvoeding insluit, ingevolge die Wet aan Graad R-leerders te bied.
j. Om enige eiendom of inkomste ter bevordering van die leerders wat die Skool bywoon, aan te wend.
k. Om hoofsaaklik die plaaslike gemeenskap te dien.

## 2. GODSDIENS

Met inagneming van die samestelling en godsdienstige oriëntasie van die meerderheid van die leerders verbonde aan Willem Postma Preprimêre Skool, onderskryf die Skool Christelike waardes. Godsdiensonderrig word daarom vanuit 'n Christelike perspektief gedoen.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

Die Skool erken en eerbiedig die waardes in die Handves van Regte en respekteer daarom die beofening van alle godsdienste. Die Skool verwelkom alle leerders, ongeag hulle individuele godsdienstige oortuigings. Indien ouers verkies dat hul leerder/s nie aan godsdienstige aktiwiteite van die Skool deelneem nie, moet die Skoolhoof hieroor ingelig word sodat alternatiewe reëlings getref kan word.

Indien enige onderwyser, leerder en/of ouer 'n gewetensbeswaar het teen die beoefening van sekere godsdienstige praktyke in die Skool, of voel dat deelname aan sekere praktyke nie vrywillig is nie, word hulle versoek om dit onder die Beheerliggaam se aandag te bring.

## 3. ONDERRIGTAAL

Willem Postma Preprimêr is 'n enkelmediuminstelling. Die Skool se taal van onderrig is Afrikaans.

Volgens die CAPS-Kurrikulum mag daar nie, op preprimêre vlak, onderrig in 'n Tweede Taal plaasvind nie.

Elke opvoeder by die Skool doen redelike stappe om leerders oor die belang van veeltaligheid in te lig en om respek vir ander tale buiten die huistaal en/of onderrigtaal te bevorder.

## 4. TOELATINGSVEREISTES

### Toelatingsouderdom

Willem Postma Preprimêr is 'n voorbereidingskool en bestaan uit 4 graad R-klasse. Graad R-ouderdom is gewoonlik die jaar wat hulle ses (6) jaar oud word. Leerders en mag dus die Skool bywoon vir daardie jaar, of indien skoolvrystelling verkry is, die jaar wat hulle sewe (7) word. Daar is ook 1 graad RR-klas, wat plek bied vir 28 leerders.

### Aansoekouderdom

'n Ouer moet 'n inskrywingsvorm om toelating per hand voltooi en inhandig by die Laerskool se sekretaresse. Tesame met die inskrywingsvorm moet die ouer 'n afskrif indien van die leerder se amptelike geboortesertifikaat, asook afskrifte van die ouers/voogde se ID dokumente. Indien in voogskap, moet die nodige regsdokumente ook ingehandig word. Die ouer sal dan 'n toelatingsnommer ontvang.

'n Afskrif van die leerder se kliniekkaart moet die aansoek vergesel. Indien die immunisering, soos op die kliniekkaart aangedui, nie op datum is nie, behou die Skool hom die reg voor om die leerder toelating tot die Skool te weier.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

**Tydperk vir registrasie**

Aansoek om toelating open in Januarie van die jaar wat die leerder se eerste inskrywing by die Skool voorafgaan. Ouers wat dus hulle kinders die eerste keer by die Skool wil inskryf, moet die leerder by die Skool registreer in die jaar voor die skooljaar waarop die leerder se aansoek om toelating betrekking het.

Die Aansoekvorm om toelating tot die Skool is beskikbaar op die Preprimêr se webtuiste: www.willempostmapreprimer.co.za of 'n harde kopie kan by die Skool verkry word.

Willem Postma behou die reg voor om voorkeur te gee aan leerders van bepaalde voedingskole en aan leerders wat reeds sibbe in Willem Postma het.

**Suksesvolle en onsuksesvolle aansoeke**

Die ouers van die leerders sal teen Augustus van die jaar van aansoek skriftelik van die aanvaarding of afwysing van hulle aansoek in kennis gestel word.

Alle onsuksesvolle aansoekers sal dan eerstens in volgorde van voorkeur soos deur hierdie beleid en dan tweedens in chronologiese orde op die waglys geplaas word en aangeraai word om by ander skole buiten die Skool aansoek te doen.

Die Skool sal 'n behoorlike register van alle aansoeke om toelating byhou.

**Toelating tot Graad 1**

Graad R-leerders van Willem Postma Preprimêre Skool is reeds deel van die Primêre skoolsisteem. Daar is 'n verkorte vorm wat by die Laerskool ingedien moet word vir administratiewe doeleindes. Die Preprimêre skool sal dit aan u beskikbaar stel wanneer dit gedoen moet word en dit namens u inhandig.

## 5. <u>SKOOLURE</u>

Die Skool se amptelike skoolure is as volg:

| | |
|---|---|
| Aankomstyd: | 07h00 – 08h00 |
| Oggendprogram: | 08h00 – 12h30 |
| Oggendleerders verdaag: | 12h30 – 13h30 |
| Middagsorg: | 13h30 – 17h00 |

(vergunning sal gegun word tot 17h15 vir afhaal van leerders)

Die Skool sal gesluit wees gedurende openbare vakansiedae en vakansies.
Die dag voor 'n langnaweek sal daar geen middagsorg wees nie en ouers het tot 15h00 om kinders af te haal.
Geen middagsorg of middagetes op die laaste dag van die kwartaal nie.
Die skool sluit op die laaste "skool"Vrydag van die jaar.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

Ouers word versoek om nie leerders sonder grondige rede uit die Skool te hou nie en om die Skool voor 08h30 in kennis te stel wanneer 'n leerder afwesig sal wees.

## 6. OP- EN AFLAAI VAN LEERDERS

Kinders word tussen 07h00 en 08h00 afgelaai.

Ouers kom in by die hek in Gnrl Hertzogstraat en stop langs die eiland. Ouers klim nie uit nie. Gedurende die eerste kwartaal sal 'n onderwyseres die kindjie by die motor kom afhaal. Indien die ouer wel uit die kar moet klim, moet u asb. verby die aflaaipunt ry en in 'n parkering stop.

Geen leerder wat laat kom sal tussen 08h00 en 08h30 in die klasse toegelaat word nie. Indien die leerder laat is, sal hy/sy by die ontvangsarea bly totdat die onderwyseres klaar is met haar oggendkontaksessie. Let wel dat die klas stiptelik om 08h00 begin en ouers word versoek om hierdie reël te eerbiedig.

Wanneer kinders in die middae opgetel word, moet ouers in die parkering stop en hulle kind self by die betrokke klas gaan afhaal. Die hek by die ontvangs sal 12h30 oopgemaak word. Geen leerder mag voor 12h30 gehaal word nie, tensy vooraf toestemming by die Preprimêre Hoof verkry is. Indien ouers toestemming verkry het om leerders wel vroëer te kom afhaal, moet dit voor 12h00 geskied.

Leerders mag nie gedurende skoolure gehaal word vir buitemuurse aktiwiteite nie. Daar sal slegs vir doktersafsprake en terapiesessies toestemming verleen word.

Kinders word nie toegelaat om self die voorhek oop en toe te maak nie, maar moet wag vir 'n personeellid om hiermee te help.

Afskrifte van die Identiteitsdokumente van die persone wat gemagtig word om die leerders by die Skool te kom afhaal moet by die klasonderwyseres ingedien word. Geen ander magtiging behalwe skriftelike en onderteken deur die ouer of voog mag gebruik word om toestemming te verleen dat iemand anders die leerder by die Skool mag kom haal nie. Hierdie is in die beste belang van die kind en beskerm ook die kind. Indien die ouers van leerder geskei of die kind in voogskap is, is dit die ouer of voog se verantwoordelikheid om enige inligting soos bv. Hofbevele of -ooreenkomste met die Skool te deel oor persone wat nie toegang tot die leerder het nie.

## 7. KLEREDRAG

Willem Postma Primêr se sportdrag word gebruik as Willem Postma Preprimêr se formele drag. Die sporthempie is verpligtend en word gedra op Woensdae en Vrydae, sowel as op uitstappies. In die Wintermaande dra die kinders die skoolsweetpak. Die skooltrui verskaf goeie hitte onder die sweetpak. Die ander drag (broekies en rompbroekies) is opsioneel. Die kinders kan navy blou broeke of rompies daarby aantrek.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

Die skooldrag is beskikbaar by Tunika in Generaal Dan Pienaarrylaan. Die Laerskool het ook 'n Klerebank wat ouers kan besoek. Besonderhede vir die klerebank en tye is by die ontvangs beskikbaar.

Alle leerders moet 'n stel skoon klere en 'n trui of ligte baadjie by die Skool laat of in hulle tassies hê. Hierdie ekstra stel is noodsaaklik omdat leerders soms mors of 'n glipsie kry.

Alle klere moet duidelik gemerk wees.

In die somer moet die leerders verkieslik kaalvoet Skool toe kom. Hulle voetjies is aan die groei en skoene soos plakkies, plastieksandale en hakskoentjies is onveilig op die apparaat en belemmer spel.

"Gevaarlike" klere met kappies en toutjies moet vermy word, omdat dié klere maklik aan apparaat kan vashaak en die leerder kan beseer.

Juwele en grimering mag nie deur die leerders gedra word nie. Klein oorkrabbertjies is wel toelaatbaar.

Leerders mag 'n skoolsak of tassie bring om sy/haar besittings in te bêre. Die grootte van die tas word bepaal deur die grootte van die tasrakkie in die klas. Tasse moet gemaklik in die rakkie pas en nie uithang nie.

Aangesien Suid-Afrika se persentasie velkankergevalle die hoogste ter wêreld is, moet elke leerder 'n pet hê wat tydens buistespel gedra kan word. Ouers moet ook voor Skool leerders met 'n goeie sonblokkeermiddel smeer om hulle teen gevaarlike sonstrale te beskerm.

## 8. LEERDERBENODIGHEDE

Die benodighede-lys sal deur die skool verskaf word.

Die klasonderwyseres mag van die ouers vra om bak-en-brou bestandele aan te koop gedurende die jaar.

Alle afvalprodukte soos wol, geleentheidskaartjies, lint, materiaal, boksies, proppies, papier, stukkies hout, saagsels, skroefies, moertjies, boutjies, teëls, sponse, goiing en koerantpapier, asook gebruikte papier waarvan die een kant skoon is, sal waardeer word.

## 9. FINANSIES, INSTANDHOUDING EN FONDSINSAMELINGS

Willem Postma Preprimêr se finansiële administrasie word deur die Laerskool behartig. Die halfdag skoolfonds word oor 10 maande gefaktureer (vanaf Februarie tot November). Elke gesin het 'n skoolfondsrekeningnommer wat as verwysing gebruik moet word.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

Fondsinsamelingsprojekte word op Karri gelaai vir betaling. Indien u reeds 'n Karri-gebruiker is, moet u asb die e-posadres gekoppel aan u Karri-profiel aan die skool verskaf, sodat ons net u graad R-kindjie kan byvoeg.

Middagsorg word as 'n aparte diens aangebied. Vind die nodige inligting in ons Middagsorgdokument.

Indien u aansoek suksesvol is, gaan daar van u verwag word om 'n deposito te betaal om u plek te bevestig.

**Skoolfooie en Fondsinsamelingsprojekte**
Rekeningnaam: Willem Postma Primêre Skool
FNB Tjekrekening
Takkode 250655
62733892675

**Middagsorg**
Rekeningnaam: Kontiki Middagsorg
ABSA Spaarrekening
Takkode 632005
9303354470

**Fondsinsamelingsprojekte**

Fondsinsamelingsprojekte is noodsaaklik om ons begroting aan te vul en hoewel al ons projekte geen verpligting inhou nie, wil ons u steeds vra om ons te probeer ondersteun waar moontlik. Die projekte word deur die jaar versprei en u sal vroegtydig daarvan ingelig word.

Ons projekkomitee bestaan uit een ouerverteenwoordiger uit elke klas. Hierdie persoon sal dien as skakel tussen die klasouers en die skool, sodat almal insae het met die beplanning en uitvoering van fondsinsamelingsprojekte.

## 10. DISSIPLINE

Dissipline is die hulp en leiding wat aan die kind gebied word om sosiaal-onaanvaarbare gedrag te verander na gekontroleerde, aanvaarbare gedrag.

Die opvoeder se grootste taak is om die kind te lei tot selfdissipline.

Elke opvoeder het haar eie, unieke stelsel van dissiplineringstelsel, gebaseer op gedeelde riglyne.

Sien asb ***Willem Postma Preprimêr se Gedragskode vir Ouers en Leerders***. Hierdie dokument moet deur ouers onderteken word en die tekenblad moet teruggestuur word skool toe.

## 11. ASSESSERINGS EN SKOOLGEREEDHEIDSTOETSE

Kinders word kwartaalliks geëvalueer. Volledige verslae rakende die leerder se vordering sal elke drie (3) maande uitgereik word.

Willem Postma
Preprimêr Skool
Gen. Hertzogstraat 100 - Dan Pienaar - BLOEMFONTEIN - 9301

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

Tydens 'n verpligte persoonlike onderhoud aan die einde van die eerste kwartaal van u kind se graad R-jaar, word uitvalle met die ouer bespreek. Hierdie afspraak is verpligtend en sover moontlik verkies die Skool dat beide ouers die gesprek bywoon.
Gr RR-kleuters se oueronderhoude vind aan die einde van die tweede kwartaal plaas.

Die verslae moet aan die einde van elke kwartaal by die klasonderwyseres afgehaal word en dan weer op die eerste dag van die nuwe kwartaal, geteken terugbesorg word.

Om te verseker dat al die vaardighede wat die leerder nodig het vir suksesvolle skooltoetrede in plek is, vereis die Skool dat elke leerder gedurende die graad R-skooljaar 'n Skoolgereedheidstoets, 'n Biokinetiese assessering, asook 'n Oudiologiese toetsing sal afneem. Indien die onkoste nie deur die skool self gedek gaan word nie, sal die dienste beskikbaar gestel word teen 'n minimale fooi. Indien u nie van hierdie diens gebruik wil maak nie, verwag die Skool dat die ouers dit wel by 'n ander instansie sal laat doen en dat die verslag by die klasonderwyseres ingehandig sal word.

## 12. BUITEMUURSE EN SKOOLAKTIWITEITE

Ouers moet skriftelik tot leerders se deelname aan 'n kulturele, ontspannings- of sosiale aktiwiteit toestem. Geen leerder mag aan sodanige aktiwiteit deelneem indien sy/haar ouers nie toegestem het nie.

Goedgekeurde instansies mag gedurende skoolure aktiwiteite binne die Skool kom aanbied.

Die "betaal"aktiwiteite wat by ons aangebied word is slegs vir ekstra versterking van vaardighede, aangesien ons skoolprogram alles insluit wat u kindjie nodig het om hom of haar voor te berei vir suksesvolle skooltoetrede. Ons sal ook aanbevelings maak indien ons voel dat enige kindjie kan baatvind by 'n spesifieke aktiwiteit.

Die onkoste van die volgende aktiwiteite word deur die skool gedek en al die kinders neem gratis daaraan deel.

- Eksperi-maatjies: wetenskapklassies.
- Leerdermusiek. Navorsing het bevind dat musiek voordelig is vir totale brein-ontwikkeling.
- Kinderkinetika. Nadat die assessering van al die kinders afgehandel is, gaan die kinders groepklasse by die skool ontvang wat spesifiek fokus op die hindernisse geïdentifiseer deur die biokinetiese evaluerings.

Die volgende aktiwiteite is opsioneel en die onkostes word deur ouers self gedra. Die aktiwiteite word gedurende die oggende aangebied.

- Hoofbeats. Aktiwiteite word gedoen bo-op die rug van 'n ponie en hierdie aktiwiteit is voordelig vir volbreinontwikkeling.
- Sensories Slim. Program wat kinders lei tot sensoriese balans.
- Stimulus Maksima. Rekenaarklasse.
- Karate Kids.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

Die volgende aktiwiteite is ook op eie onkoste en word ook as buitemuurs by Willem Postma Primêr aangebied. Hierdie aktiwiteite word tussen 12h30 en 14h00 aangebied:

- Rugby Skills
- Pocket Rocket Hokkie
- Monkeynastix (Kleutergimnastiek)

Met die volgende aktiwiteite kan die graad R-leerders reeds by die Laerskool inskakel.
Let asb. net daarop dat, alhoewel die aktiwiteite gratis aangebied word, die ouers die kleuters self daarheen moet neem.

- Possie Landloop: oefeninge vind plaas op Hoërskool Sentraal se Sportgronde
- Possie Netbal: gedurende die eerste 6 maande word die Netbal op ons perseel aangebied en vanaf Julie vind oefeninge op die Laerskool se Netbalbane plaas.

'n Rooster van aktiwiteite sal jaarliks deur die skool aan ouers verskaf word.

## 13. UITSTAPPIES VAN LEERDERS TYDENS SKOOLURE

Daar word van ouers verwag om aan die begin van elke jaar 'n vrywaringsvorm te teken rondom uitstappies. Hierdie vrywaringsvorm is van kardinale belang en geen leerder mag daarsonder die skoolgronde verlaat nie. As ouers sou verkies om leerders nie op 'n spesifieke uitstappie te stuur nie, versoek die Skool dat die leerder op die spesifieke dag tuis gehou sal word.

Met weg-uitstappies behou die Skool die reg voor om wel 'n fooi te hef om die onkostes van busvervoer te dek.

Skooldrag is verpligtend op enige dae wat die leerders die skoolterrein verlaat, hetsy vir uitstappies of vir sport- of konsertoefeninge. Hierdie reëling mag slegs in oorleg met die Skoolhoof gewysig word.

Op uitstappie-dae mag die leerders piekniekkosblikkies saambring skool toe.

## 14. SPEELGOED

Leerders mag slegs speelgoed Skool to bring indien die Skool en/of die onderwyseres dit versoek. Onder enige ander omstandighede mag leerders geen speelgoed na die Skool bring nie. Speelgoed sal gekonfiskeer word en eers aan die einde van die kwartaal teruggegee word.

Wanneer die ouer vind dat 'n opvoedkundige stukkie apparaat of speelding wat aan die Skool behoort, tuis beland het, moet die ouer dit asseblief dadelik aan die Skool terugstuur. Dit mag net 'n belangrike, onvervangbare deeltjie wees. Leerders is nog klein en "steel" nie doelbewus nie; die Skool gaan dit ook nie van die kind dink as die speelgoed teruggestuur word nie. Dit sluit ook klere van 'n ander maatjie in.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

## 15. VERVERSINGS

### Halfdag

Daar word versoek dat leerders ontbyt by die huis eet aangesien dit nie by die Skool verskaf word nie.

Elke leerder bring sy/haar verversings vir 10h00 in ‘n duidelik gemerkte plastiese kosbakkie Skool toe. Geen lekkergoed of soetkoekies mag in die kosblikke ingepak word nie. Leerders mag wel ‘n bottel water en/of koeldrank saamstuur (geen gaskoeldrank asb). Slegs broodjies, vrugte, droë vrugte, vrugtestafies, neute, jogurt, ontbytstafies, koue vleis, worsies of soutkoekies is toelaatbaar.

### Middagsorg

Heerlike, gebalanseerde middagetes word deur ‘n dieëtkundige verskaf. Voldag, sowel as halfdagleerders mag van hierdie diens gebruik maak. Middagetes word tussen 12h30 en 13h00 genuttig.
Vir meer inligting kontak Sonelle vd Linde by 076 338 5367.

Die middagetes se fooi bly maandeliks dieselfde (ongeag hoeveel dae die maand het). Daar sal geen etes wees op die laaste dag van elke kwartaal nie (aldan die dag wat die skole sluit). Middagetes neem eers ‘n aanvang in die tweede week nadat die skole geopen het in Januarie. Geen middagetes sal in Desember bedien word, indien die kwartaal in Desember eindig, nie.

Leerders wat nie van die middagetes gebruik maak nie, bring ‘n eie middagete, in ‘n duidelik gemerkte plastiese houer Skool toe. Dieselfde reëls geld vir die inhoud van die middagkosblik as vir die oggendkosblik. Indien u gekookte kos inpak vra ons dat u net die klasonderwyseres laat weet, sodat sy dit in die yskas kan plaas. Kookkos sal in die mikrogolf verhit word.

Na opstaantyd sal die Skool aan die leerders gesonde verversings verskaf in die vorm van vrugte, jogurt of soutbeskuitjies.

### Skoolverjaarsdae

Geen uitnodigings word uitgestuur nie.

Eetgoed moet aan die hele klas verskaf word. Verbode eetgoed word by partytjies toegelaat. Die Skool versoek egter dat ouers matigheid voor oë hou.

Leerders wat nie by ons Skool ingeskryf is nie, sal slegs toegelaat word om die partytjie by te woon indien die Skoolhoof toestemming daartoe verleen .

Ouers van die verjaarsdagleerder mag die verrigtinge bywoon. Die partytjie sal plaasvind gedurende oggendverversingstyd (10h00 tot 10h30). Die eetgoed moet dus teen 10h00 by die Skool wees.

Geen blaas- of raasgoed word toegelaat nie.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

## 16. BUITETOESIG

Met deeglike toesig kan beserings tot 'n minimum beperk word.

Die ratio vir volwassennes teenoor kinders is 1:20.

Die speelarea word in vyf sones verdeel. 6 personeellede is ten alle tye op toesigdiens. Dit beteken dat geen sone ooit onbeman is nie.

## 17. MIDDAGSORG

Indien u van middagsorg wil gebruik maak, moet u asb die nodige vorms invul.
Ouers mag op 'n ongereelde basis van middagsorg gebruik maak teen die middagsorg se dagfooi.
Wanneer halfdagleerders vir middagsorg gaan bly, moet dit vooraf gereël word.

Skoolreëls, soos in die oggende, geld ook vir die middagsorg. Sien ook Middagsorgdokument.

## 18. GESONDHEID

'n Afskrif van die leerder se kliniekkaart moet die inskrywingsvorm vergesel. Indien immuniserings volgens hierdie dokument nie op datum is nie, hou die Skool die reg voor om die leerder toegang tot die Skool te weier.

Gesondheidsassesserings sal ooreenkomstig die Departement van Gesondheid se Skoolgesondheidsbeleid uitgevoer word.

### AANMELDING VAN BEVESTIGDE OF VERMOEDELIKE GEVALLE VAN AANSTEEKLIKE SIEKTES

Ouers moet die Graadhoof inlig van enige chroniese mediese toestand waaraan hulle kinders ly en wat die kinders se risiko kan verhoog indien hulle 'n aansteeklike siekte sou opdoen.

Ouers moet enige aansteeklike siekte waarmee hulle kind gediagnoseer word by die Graadhoof aanmeld. Hierdie sluit Covid-19 in.

Enige klagte van 'n leerder dat hy/sy siek voel, moet as ernstig beskou word.
'n Leerder wat by die Skool siek word of enige simptome van 'n aansteeklike siekte begin toon, sal in die skool se kwarantynarea gehou word, totdat hul ouers hulle by die Skool kom haal.

Ouers word versoek om siek kinders by die huis te hou totdat hulle gesond is of totdat die kwarantyntydperk verstreke is.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

Die Graadhoof moet enige bevestigde of vermoedelike gevalle van aansteeklike siektes by die Laerskool aanmeld.
Vertroulike mediese inligting sal te alle tye as sodanig hanteer word en geen leerder sal gestigmatiseer word nie.

**HANTERING VAN SIEK KLEUTERS**

Ouers word versoek om alle olike leerders tuis te hou. Dit sluit in leerders met koors, oog- of maaginfeksie, griep, mangelontsteking, en so meer. Dit is nie wenslik om ander kinders aan moontlike infeksie bloot te stel nie. 'n Leerder wat te siek is om buite te speel, is te siek om Skool toe te kom.

As 'n leerder by die Skool siek word, sal die onderwyseres die ouers skakel. Ouers word versoek om gehoor te gee aan hierdie oproep aangesien die Skool slegs sal skakel indien die onderwyseres glo dat die leerder intensiewer aandag benodig.

'n Leerder met aansteeklike siektes moet tuis gehou word, totdat die leerder ten volle herstel het.

Indien enige familielede Covid-simptome het, moet die leerder ook tuis gehou word, totdat bevestiging verkry is dat geeneen in die gesin positief getoets het vir covid nie.

**AANSTEEKLIKHEID VAN SIEKTES**

**Covid-19**
Inkubasietyd is tussen 5 en 14 dae
Kwarantyntydperk van 10 dae

**Kindersiektes**

- Kinkhoes — vandag begin hoes vir ± maand
- Masels — tot 5 dae na uitslag verdwyn het
- Pampoentjies — tot 3 dae na swelling gesak het
- Duiste masels — tot 4 dae na uitslag verdwyn het
- Waterpokkies — totdat die rofies uitgedroog het
- Witseerkeel — tot heeltemal genees het
- Skarlakenkoors — tot heeltemal genees het
- Tetanus (klemkaak) — tot heeltemal genees (hoogs aansteeklik)
- Tering — tot behandeling gestaak het (6 – 9 maande)

Duitse Masels is baie gevaarlik gedurende die eerste vier (4) maande van swangerskap. Die Skool sal ouers onmiddelik in kennis stel sodra daar 'n uitbreek hiervan in die Skool is sodat swanger mammas volgens hulle eie diskresie kan handel.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

**Ander siektes**

Diaree (gastro) is uiters aansteeklik en ouers word versoek om dit soos ‘n aansteeklike siekte te hanteer.

‘n Leerder met gordelroos, omlope of ringwurm moet tuis gehou word totdat die kind heeltemal gesond is. Dié toestande is hoogs aansteeklik.

**Kopluise**

Kopluise is baie moeilik om te beheer as dit eers posgevat het. Dit is ook hoogs aansteeklik. ‘n Leerder met kopluise se ouers sal onmiddellik versoek word om die kindjie uit die Skool te haal totdat die kwaal onder beheer is. Die nete moet uitgekam word en ‘n leerder sal eers weer toegelaat word om die Skool by te woon as daar geen nete meer op die kop is nie.

**TOEDIENING VAN MEDISYNE**

Enige medikasie wat by die huis gegee kan word, moet self toegedien word en nie Skool toe gestuur word nie. Geen vitamienaanvullings sal deur die Skool toegedien word nie.

Alle medisyne wat Skool toe gestuur word, moet in die betrokke klas se medisyneregister aangeteken word. Die medisyne moet aan die onderwyseresse oorhandig word. Geen medisyne mag in die tas van die leerder gelos word nie. Medikasie sal slegs toegedien word indien dit opgeskryf is.

## 19. HANTERING VAN NOODTOESTANDE

Die Graadhoof sal die risiko’s en gevare op die skoolterrein beoordeel en bestuur, in samewerking met noodaksiekomitee.

`n Gevestigde verhouding met die plaaslike polisie en brandweer sal in stand gehou word deur die Graadhoof en gemelde partye.

Die hantering van onderskeie Noodtoestande word in die Noodplan omskryf. Die Noodplan is in die Skool se voorportaal sowel as by die Skoolhoof beskikbaar.

## 20. BESERINGS

**BESERINGS VAN LEERDERS BY DIE SKOOL**

Indien `n leerder by die Skool `n besering opdoen, sal enige personneellid daarvan gevrywaar word tensy daar bewys kan word dat die besering opgedoen is as gevolg van die growwe nalatigheid van die personeellid aan diens.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

Indien `n leerder `n besering opgedoen het en die ouer of voog daaroor navraag wil doen, kan dit met die Graadhoof bespreek word. Indien die Graadhoof van mening was dat dit `n ongeluk was, sal die personeel aan diens nie hieroor aangespreek word nie. CCTV-materiaal is op aanvraag beskikbaar ter besigtiging.

Indien die Graadhoof tot die gevolgtrekking kom dat die nalatige optrede van die personeel tot die besering gelei het, sal die insident onder die Primêre Skoolhoof se aandag gebring word. Die kennis aan die Skoolhoof sal in 'n skriftelike vorm wees. Die datum van die voorval sowel as die presiese gebeure moet op die brief uiteengesit wees. Die Laerskool sal die saak ondersoek en verdere stappe neem soos benodig.

Indien `n leerder beseer word as gevolg van die optrede van `n ander leerder, moet dit onder die aandag van die klasonderwyseres gebring word. Indien die onderwyseres nie die saak kan oplos nie, kan dit met die Graadhoof bespreek word. Indien die hoof van mening is dat die saak onder die aandag van die Primêre Skoolhoof gebring moet word, moet dit skriftelik wees met melding van die die datum/s van gebeure. Die Primêre Skoolhoof sal die saak ondersoek en verdere stappe neem soos benodig.

Die finale besluite oor bogenoemde sake berus by die Beheerliggaam van die Skool.

**BESERINGSBOEK**

Alle beserings (ernstig of gering) word aangeteken in die Beseringsboek.
Die Beseringsboek sal altyd op dieselfde plek gebêre word.
Die Graadhoof moet elke inskrywing onderteken.
Die onderwyseres wat op middagdiens is, moet ingelig word rakende enige beserings gedurende die gegewe dag.

**BESERINGS OP TERREIN**

## Ligte beserings

Ligte/geringe beserings word ontsmet en behandel met die nodige medikasie. Sien aanhangsel oor die toedien van Noodhulp.

Indien moontlik sal minimale medikasie (salf) gebruik word afhangende van die erns van die besering. Indien geen medikasie toegedien mag word nie, moet dit deur die ouer of voog aan die klasonderwyseres deurgegee word en sy sal dit onder die aandag van die middagsorgpersoneel bring.

Die Skool se personeel is opgelei vir die hantering van noodgevalle (Vlak 1 Noodhulp). Indien daar geen ander alternatief as medikasie is om die kind te help nie, sal die personeel gevrywaar word om in die beste belang van die kind op te tree.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

Die behandeling word in die Beseringsboek aangeteken. Ouers moet altyd van die insident in kennis gestel word.

**Ernstige beserings**

Die nodige Noodhulp sal toegepas word. Indien nodig, sal die Nooddienste ontbied word. Die ouers sal onmiddellik geskakel word.

Die leerder sal na 'n geskikte hospitaal geneem word om tyd te bespaar en die ouer kan dan daar ontmoet word. Alle ouers vul aan die begin van elke jaar 'n vrywaringsvorm in wat toestemming hiertoe verleen.

Indien die ouers nie gekontak of bereik kan word nie, moet die leerder onmiddellik na die hospitaal geneem word. Die leerder se inligtingskaart moet saamgeneem word vir die nodige mediese inligting. Pogings om die ouers te kontak, sal intussen voortgaan.

**HANTERING VAN ANDER SE BLOED OF LIGGAAMSVLOEISTOWWE**

Niemand mag direkte kontak met iemand anders se bloed of liggaamsvloeistowwe maak nie. Hantering van ander se bloed of liggaamsvloeistof moet volgens die korrekte noodhulpprosedure gedoen word om die oordrag van aansteeklike siektes of ander gevaarlike toestande te voorkom.
Alle leerders moet geleer word dat hulle nie self aan die bloed of wonde moet raak nie, maar dat hulle onmiddellik 'n leerkrag in kennis moet stel.

'n Volledige uiteensetting van die korrekte noodhulpprosedure vir die hantering van ander se bloed of liggaamsvloeistowwe is as 'n aanhangsel van die Noodplan beskikbaar.

**21. <u>HIV EN VIGS</u>**

Alle leerders en opvoeders moet die regte van ander leerders en opvoeders respekteer.
Enige gedrag wat die risiko van HIV-oordrag verhoog, word ten sterkste veroordeel en sal hanteer word na aanleiding van die Gedragskode en die Dissiplinêre Prosedure.
'n Persoon/ouer van 'n leerder hoef nie sy/haar HIV-status aan ander bekend te maak nie.

Opvoeders moet seker maak dat die reg tot menswaardigheid van die leerders of personeel nooit aangetas word nie.
Opvoeders mag nie weier om 'n leerder wat HIV-positief is te onderrig nie.
Opvoeders en ander personeel mag nie afgedank word weens hulle HIV-status nie.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

**UNIVERSELE VOORSORGMAATREËLS**

Die enigste moontlike risiko vir die oordrag van HIV is deur kontak met besmette bloed en ander besmette liggaamsvloeistowwe. Die risiko kan verwyder word deur goeie basiese eerstehulp/noodhulp. Die goue reël is die toepassing van die Universele Voorsorgmaatreëls oor die hantering van bloed en ander liggaamsvloeistowwe, soos hierbo uiteengesit.

Dié maatreëls is universeel, want dit omvat iedere persoon en iedere liggaamsvloeistof.
Universele Voorsorgmaatreëls is noodsaaklik omdat dit nie altyd in 'n leeromgewing moontlik is om te weet wie HIV dra nie.
As gevolg van die lang dra-tydperk voor simptome sigbaar is, bestaan die moontlikheid dat die draer self nie van sy/haar HIV-status bewus is nie.
'n Persoon wat HIV-positief is kan in die begin van die siekte HIVnegatief toets.

HIV is nie die enigste gevaar nie. Ander siektes soos Hepatitis B kan ook deur liggaamsvloeistowwe oorgedra word.
As die universele riglyne vir die hantering van bloed gevolg word, sal die personeel en leerders beskerm wees teen die opdoening van enige siekte wat deur bloed oordraagbaar is.

**22. <u>COVID-19</u>**

Die oordrag van die koronavirus vind hoofsaaklik plaas deur noue kontak met asemhalingsvloeistof van 'n besmette persoon. Simptome wat voorkom is koors, droë hoes,moegheid,verlies aan smaak en/of reuk, kortasem of spierpyn.

Voorkomingsmaatreëls wat deur die skool toegepas word is:

- goeie, deurlopende higiëniese praktyke, soos gereelde hande was;
- deurlopende ontsmetting van hande;
- aanmoediging om nie met ongewaste hande aan gesig te raak nie;
- hoes of nies in die elmboog of in 'n sneesdoekie wat dan weggegooi word; en
- dra van 'n lapmasker.

Kinders met simptome wat moontlike vogverspreiding tot gevolg kan hê of met hoë koors moet tuis gehou word.
Indien 'n kind self positief toets vir covid, moet hy/sy tuis gehou word vir 8 dae.
Covid-maatreëls mag verander na aanleiding van die regering se direktiewe.

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za

## 23. TOEGANG TOT SKOOLGRONDE

Toegang tot die skoolgebou word streng vanuit die Kantoor gereguleer. In belang van die veiligheid van leerders en personeel, behou die Skool behou homself die reg voor om enige persoon toegang tot die skoolgebou te weier.

Indien die Graadhoof van mening is dat 'n persoon se teenwoordigheid op die skoolterrein 'n bedreiging vir die veiligheid van leerders en/of personeel inhou, sal die Graadhoof die persoon vra om die terrein te verlaat of die ondersteuning van die gekontrakteerde sekuriteitsdienste of polisie inroep.

Enige persoon wat op 'n ongemagtigde wyse toegang tot die skoolterrein bekom, sal vervolg word.

**Skoolbesoeke deur ouers en ander persone**

Ouers of enige ander persone wat 'n belang by die skoolgemeenskap het, het die reg om die Skool te besoek, maar sodanige besoeke mag nie enige skoolaktiwiteit ontwrig nie.

Buiten ouers of ander persone wat bona fide-besoekers van sport-, kulturele of sosiale aktiwiteite van die Skool is, moet voor 'n beoogde besoek 'n afspraak met die Skoolhoof maak en die redes vir, en deelnemers aan, die besoek vermeld.

**PARKEERAREA**

By die aflaai of oplaai van leerders is die bestuurder van die voertuig tot die volgende reëls verplig:

- Die Skool se syhek in Generaal Hertzogrylaan dien as INGANG en die hek in Graaff-Reinetstraat, aan die voorkant van die Skool, dien as UITGANG. Hierdie reëling geld met spitstye (wanneer albei hekke oop is) vanaf 07h00 tot 08h00, 12h30 tot 13h30 en 16h00 tot 17h00. Tydens ander tye word die syhek toegehou as 'n veiligheidsmaatreël.

- Voertuie mag slegs op toegestaande parkeerplekke geparkeer wees. Geen persoon word toegelaat om teen die heining van die Skool te parkeer nie. Daar mag ook nie buite die skoolgronde teen die heining parkeer word nie, aangesien dit die aansig van aankomende verkeer beperk en gevaar vir ander bestuurders inhou. Indien die parkering by die Skool beperk is of daar is geen verdere parkering beskikbaar is nie, word die bestuurder van die voertuig versoek om rustig te wag tot `n parkering beskikbaar raak.

- Leerders se veiligheid buite die gebou is die ouers se verantwoordelikheid.

- Die veligheidshek by Ontvangs moet te alle tye toegehou word.

## 24. KOMMUNIKASIE

Die skool se primêre kommunikasiekanaal is Telegram en u kan toegang daartoe verkry deur middel van die volgende skakel:

28176
DANHOF
9310
051 - 436-2730/1
051 - 436-4174
E-pos: wpps@wpps.co.za


t.me/joinchat/Q_CdWu0yg2CO-_T7

Die Skool word gemagtig om met ouers te kommunikeer per Telegram-klasgroepe wat geskep word. Die klasgroepe is aanvullend tot die Kantoor-Telegram. Hierdie groepe word slegs gebruik om belangrike inligting te deel en nie vir advertensiedoeleindes nie. Op hierdie groepe is u telefoonnommer sigbaar vir die ander ouers in die klas. Indien u nie hierop wil verskyn nie moet u dit asb. onder die klasonderwyseres se aandag bring. Ons vra ook dat kommunikasiegroepe slegs tussen 06h00 tot 18h00 gebruik sal word.

Enige persoon wat misbruik maak van enige van die kommunikasiegroepe, sal summier van die betrokke groep verwyder word.

## 25. SKOOL AS VEILIGE SONE

Dit is uiters belangrik dat ouers van die volgende moet kennis neem:

- Die leerder se opvoeding is die Skool se hoofprioriteit en die Skool sal altyd gesien word as ‘n veilige sone vir leerders.

- Geen ouerkonflik gaan binne hierdie veilige sone toegelaat word nie. Indien daar enige vorm van konflik ontstaan, behou die Skool die reg voor om die ouers te versoek om die skoolgronde te verlaat. Indien hulle versuim om aan hierdie versoek te voldoen, sal dit aan die Beheerliggaam gerapporteer word en stappe sal teen die ouers geneem word. Die ouers kan verbied word om die skoolgronde te betree en indien hulle die kinders moet oplaai en/of aflaai nadat hulle die skoolgronde verbied word, sal die ouers alternatiewe reëlings moet tref.

- Die prioriteit van die Skool is om elke kind se regte te beskerm en in elke kind se beste belang op te tree. Geen persoon sal enige kind se reg wegneem of enige kind benadeel deur enige vorm van doen of late nie.

- Indien daar `n hofbevel is waarin bepaal word dat slegs een ouer toegang tot die kinders het of selfs waar geen ouer toegang tot die kinders het nie, moet hierdie inligting met die Graadhoof gedeel word. Die Graadhoof moet dan verseker dat alle personeel, insluitend middagsorgpersoneel, hiervan bewus is en dat slegs die persoon wie toegang tot die kind het, die kind by die Skool mag wegneem. Indien hierdie inligting nie met die Graadhoof gedeel word nie, sal geen personeellid vir nalatigheid aanspreeklik gehou kan word nie.

WILLEM POSTMA PREPRIMêR BESKIK OOR TOEGEWYDE EN GOED OPGELEIDE PERSONEEL, ASOOK GEKWALIFISEERDE LEERKRAGTE. HIER WIL ONS GRAAG ‘N BESONDERE BYDRAE LEWER TOT DIE ONTWIKKELING VAN U LEERDER GEDURENDE SY/HAAR GRAAD R-JAAR. DIE HOOP WORD GEKOESTER DAT U KINDJIE OPTIMAAL SAL ONTWIKKEL EN SY/HAAR TYD BY ONS SAL GENIET.